
# 518 Woon in my, o Heil’ge Gees




Gees van waarheid, woon in my, dat ek die waarheid lief sal bly!
Laat u krag in my, o Gees, ook waaragtig merkbaar wees!
Dat ek steeds met hart en hoof U gewy wees en U loof!

Dierbaar Gees, so rein en goed, sterk en heilig my gemoed!
Dat my hart gewapend bly, as ek teen versoeking stry,
oop vir al die godd’lik lig, wat u strale op my rig!

Gees van God, o woon in my, wees my met u krag naby!
Dan oorwin ek Satans mag, en berei my vir u dag.
Ondersteun my, vuur my aan, dat ek moedig voorwaarts gaan!

Grote Gees, woon by my in, laat my heiliger bemin!
Werp tog elke afgod neer, dat ek lewe tot Gods eer!
Alles met myself, o Heer, lê ek aan u voete neer.

Thomas Lynch (1818-71) W. B. Gilbert